

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 14 Feb 2018
Page: 6

AVE: 17553.14
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



Wian Sullwald wil sy sportdrome bewaarheid nadat hy in Desember 'n plaasaanval op sy ouers se plaas in Bela-Bela oorleef het. Foto: REG CALDECOTT

# Ná plaasaanval is Wian nou éérs gemotiveerd

Sylvia van Zyl

'N Mens kry nie altyd 'n tweede kans in die lewe nie, daarom is Wian Sullwald (Tuks) erg gemotiveerd om in April by die Statebondspele in Australië 'n medalje in die driekamp te wen.

In Desember was daar 'n oomblik waar hy gedink het sy lewe gaan tot 'n einde kom. Hy en sy oefenmaat, Dylan Nortje, en die Duitse driekampatleet Jonas Schomburg is deur vyf gewapende rowers op sy pa se plaas buite Bela-Bela oorval en vasgebind.

Die rowers het begin omgekrap raak omdat hulle gedink het daar moet 'n tweede kluis in die huis wees. Een van hulle het sy pistool se loop teen die agterkant van Sullwald se kop vasgedruk en gedreig om hom te skiet as hy nie sê waar die kluis is nie.

"Die man was regtig aggressief. Terwyl hy sy pistool oorgehaal het, het hy my beveel om af grond toe te kyk. Ek het geweier. My woorde aan hom was: 'As jy my wil skiet, dan moet jy bereid wees om my in die oë kyk.' Ek het klaar vrede gemaak met wat gaan gebeur. Al wat my gepla het, was dat daar nog soveel was wat ek in die lewe wou bereik. Ek het amper maar net 5% van my doelwitte verwesenlik. My enigste vrees was dat my ouers by die huis sou opdaag terwyl die rowers nog daar was. Hulle wou die hele tyd weet waar my pa is."

Daar het geen skoot geklap nie. Dit was asof Sullwald se gebede bewaarheid is, want sy oom het by die huis opgedaag. Die oomblik toe die rowers hom gewaar, het hulle op die vlug geslaan. Sullwald se pa het amper dieselfde tyd ook by die huis aangekom. Toe hy besef wat gebeur het, het hy die rowers agterna gesit en hulle met sy motor van die pad gedwing. Die voortvlugtendes het verskeie skote op Sullwald se ongewapende pa geskiet. Gelukkig was dit alles mis. Die meeste van die rowers is aangekeer.

Sullwald is baie eerlik wanneer hy oor die voorval praat. "Ek kry steeds nagmerries oor wat gebeur het. Daar is tye wat ek woedend raak. Ek kan dit nie verhelp nie. Dit is klein dingetjies, soms onbenullig, wat my redeloos ontstel.

"Die positiewe, as 'n mens kan praat van positiewe ná 'n plaasaanval, is dat my hele persepsie oor die lewe verander het. Ek besef ek kon dood gewees het, maar dat ek 'n tweede kans gekry het. My doel is nou om die meeste van elke dag te maak. Ek wil nooit gaan slaap en wonder oor wat kon gewees het nie."

Volgens Sullwald het die aanval ook sy benadering as driekampatleet verander.

"In die verlede was daar kere terwyl ek deelgeneem het dat ek paniekerig geraak het as dinge verkeerd gaan. Dit sal nie weer gebeur nie. As ek 'n plaasaanval kan oorleef, kan ek enige iets anders oorkom."

Die Tuks-atleet se vernaamste doelwitte vir die jaar is om 'n medalje op die Statebondspele te wen. Dan wil hy ook een van die voorste tien atlete in die Wêreld-Driekampreeks wees, asook een van die voorste atlete op die Olimpiese kwalifiserende ranglys.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.